Jo Christal Akademie (Pty) Ltd.
101 Tralee Road, Bronberrick
Centurion, 0157
South Africa.
Cell: 076 90 61 232 (Whatsapp en Oproep)
admin@jochristaldramaskool.co.za

**Februarie 2020**

***Beste Drama-Ouer/Voog,***

**Dit is by ons baie belangrik om regdeur die jaar soveel as moontlik geleenthede vir die leerders aan te bied om hul passie vir drama uit te leef en te bevorder.**

**Een van hierdie geleenthede wat gebied word aan die leerders wat belangstel is die deelname aan KUNSWEDSTRYDE. Kunswedstryde is kompetsies waar leerders literêre werke voorberei en opgevoer word.**

**BELANGRIKE INLIGTING:**

- **Deelname aan kunswedstryde is NIE VERPLIGTEND NIE en is 'n addisionele diens wat nie deelvorm van die weeklikse klasse nie. Daarom behels dit ook addisionele kostes.**
- **Die leerder word onder Jo Christal Dramaskool ingeskryf en verteenwoordig ons by hierdie kompetisies.**
- **Deelname aan kunswedstryde verkry kultuurerkenning by alle skole.**
- **Die Jo Christal Dramaskool is geaffilieer by DRIE kunswedstryde wat deur die jaar plaasvind nl. Afrikaanse Kunsvereniging (Julie), Centurion Kunstefees (Julie/Augustus) en die Jo Christal Kunstefees (September).**
- **Die inskrywingsfooi (onder) sluit die werwing van tekste in. Dit word per e-pos aan u gestuur.**
- **Datums van Kunswedstryde en optredes word eers in einde tweede kwartaal bekend gemaak. Ons sal dit vir u stuur sodra ons dit ontvang het.**

**ITEMS WAARVOOR INGESKRYF KAN WORD:**

- **Stilstaande Poësie (Gedig Voordrag)**
- **Stilstaande Prosa (Storie Voordrag)**
- **Gedramatiseerde Poësie (Gedig voordrag met beweging)**
- **Gedramatiseerde Prosa (Storie voordrag met beweging)**
- **Monoloog (Karakter praat met denkbeeldige karakters)**

**REËLS MET INSKRYWING:**

- ***SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: 31 MAART 2020***
- **Junior leerders (Gr 1 – 3) mag slegs vir STILSTAANDE ITEMS INSKRYF.**
- **Senior leerders (Gr 4 – 7) mag vir enige item inskryf.**
- **Leerders mag vir 'n maksimum van 2 items inskryf.**

- **Leerders mag vir al drie kunswedstryde inskryf, maar dieselfde items word by al die kunswedstryde gedoen.**
- **Woorde van die teks moet by die huis geleer word.**
- **'n Minimum van 3 afrigtingsessies moet bygewoon word voor die optrede by die kunstefeeste. (Sien onder vir afrigtingsreëlings.)**

**AFRIGTING:**

- **Weens die groot hoeveelheid inskrywings wat ons kry asook die beperkte afrigtingstyd, sal 'n skedule/rooster opgestel word vir afrigting wat oor 3 maande strek.**
- **Elke leerder word ingedeel in hierdie rooster sodat elkeen 3 keer deur 'n afrigter gesien word.**
- **Afrigting van 20min sessies elk geskied op Saterdae vanaf 8h00 tot 15h00 (afhangende van waar u kind ingesleutel word.)**
- **Afrigting is verpligtend en is vooruitbetaalbaar saam met inskrywingsfooie.**
- **Leerders moet woorde ken voor die afrigtingssessie omrede daar slegs op die vertolking van die teks gefokus word tydens die sessie.**

**KOSTES:**

***Inskrywing: R80 per item, per kunswedstryd.***

- **Bv. Indien u kind 2 items doen by 3 kunswedstryde sal die totaal 6 x R80 = R480 wees.**
- **Inskrywings word slegs bevestig met die volledige betaling van die inskrywingsfooi.**

**AFRIGTING:**

- ***R300 vir 3 afrigtingsessies.***
- **3 afrigtingssessie sal bespreek word per leerder. Kostes is vooruitbetaalbaar saam met inskrywingsgelde.**

**BETALINGS:**

- **Die inskrywingsfooi en afrigtingsfooi sal op u rekening gelaai word en is dadelik betaalbaar (voor/op 7de van opeenvolgende maand.)**
- **Kontant: Stuur 'n koevert met die kind se naam en van en skool op.**
- **EFT: Maak aparte betaling. Gebruik Naam en Van (van leerder) + Skool Afkorting + KUNS.**

**Indien u, u kind wil inskryf vir die Kunswedstryde vir 2020, voltooi asseblief die aangehegde vorm en stuur terug na die klas toe voor die sluitingsdatum. GEEN inskrywings sal toegelaat word na die sluitingsdatum nie.**

**Die vorm kan ook elektronies ingevul word via ons webyuiste by www.jochristaldramaskool.co.za/vorms-inskrywings.**

**SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: 31 MAART 2020**

**Dramagroete!**